



***<u>Uit die hoof se kantoor.</u>***

***<u>5 Februarie 2026</u>***

Geagte Ouer / Voog en Gemeenskap

Baie geluk aan elke leerder wat ons geleenthede so positief aangryp. Dankie aan elke ouer wat hulle ondersteun en bystaan.

Akademie: Ons leerders werk hard en dit kan gesien word in hul skrifte en punte reeds verwerf. Mondeling, lees, klastoetsies en deurlopende assessering. Waar iets nie vasgelê is nie, soos ek genoem het op inligtingsaande, skryf asseblief `n briefie of in dagboek vir ekstra hulp.

Kultuur: Ons neem môre deel aan debatskompetisie in Tswane. Ons beste wense vergesel ons graad 6 en graad 7 span.

Sport: Ons neem vandag deel aan ons laaste vriendskaplike atletiekbyeenkoms. Dankie aan elke atleet wat elke geleentheid benut en ons span versterk vir komende interlaer te Boksburgstadion. Ons versoek elke ouer om ons asseblief te ondersteun met leerders wat graag as toeskouers wil gaan ondersteun, tans aanduiding so 75 leerders. U moet hulle asseblief self bring na die stadion en personeel sal wel daar wees om hulle op paviljoen te ondersteun. Skrywe met reëlings sal volg.

Rugby en netbalspanne oefen vir toere en ons waardeer ook hierdie ekstra myl wat gestap word.




Borge: Ons dank aan elkeen wat klere borg en ook deel is van borge om terrein op te knap. Ek waardeer u wat toere moontlik maak vir leerders wat voel hulle wil nie toer nie a.g.v. onkoste. Ons wil hulle ook ondersteun dat hulle weet hul geld is betaal en hulle is deel. Dankie aan Galito's wat ons borg is tydens die atletiekseisoen. Indien ouers nou tot 15 Februarie daar koop, strokie in boks gooi en 'n plakker kry kan u 'n gratis roomys by mnr Howard kom afhaal.

Pom-Poms: Baie dankie vir opleiding wat gereël is en ook `n pragtige funksie waar dogters hul klere ontvang het. Voorwaar `n groep om op trots te wees.

Maatskaplik: Ons dank aan u as gemeenskap met u bydrae vir die droogtefonds. Die bedrag van R23000 is oorbetaal en dit maak `n verskil waar nood baie groot is. Ons dank aan spesiale mense wat ook help dat ons leerders iets ekstra ontvang by broodjie projek, ons waardeer u.

Sosiaal: Valentynsdag: Moenie hierdie dag vergeet as pappa en eggenoot nie, koop nou al `n blom voor koste opgaan. Anders het ons reeds plan in plek met verkope by skool vir valentynsdag.

Nuwe idees: Ons luister graag en maak aanpassings waar moontlik om by nuwe era aan te pas.

Hoofleier paneel - nuwe leerderraadslede is aangekondig en ons poog om opleiding en deelname saam te bevorder en so leiers te ontwikkel vir ons gemeenskap. Geluk met `n puik leierskamp en geluk aan elkeen met jul ekstra portefeulje.

Laerskool Concordia
Ons betreë ñ nuwe era.
Na 89 jaar.


Hoofleierpaneel:

| | |
|---|---|
| Hoofleiers: | Tayton Myburgh |
| | Sjanri Botha |
| Onderhoofleiers | Isabella Janse Van Rensburg |
| | Nikita Ueckermann |
| | Madeley Richards |
| | Tiffney Van Der Merwe |
| | SW Marais |
| | Arlu Botha |
| | Kian Jordaan |
| | Jewan Brummer |
| Voorsitters: | Bastian Jansen van Vuuren |
| | Jaden Jooste |
| | Dian Toerien |
| | Dominique van den Berg |
| | Amicke Le Roux |

So vind elkeen hul plek in ons legkaart!!

Mag ons saam met juffrou S Breedt en ons bestuurspan, leerders help om te verander en beter volwassenes te word. Leerders wat deur ander gemerk word as beweerde boelies en wat nie hul plek kan vind in ons samelewing nie. Ons het ernstig gekyk na hierdie uitdaging in ons gemeenskap en volg nou beleid met register, aanmeldings en program wat leerders gaan volg saam met juffrou Breedt en hul ouers. Ons glo ons sal so saam `n wysiging in hul optrede kan kry.

Kommunikasie: Klagte van naskool buite ons skool dat ons nie kommunikasie het nie.
Kommunikasiekanale by Concordia – Omsendbrief, D6 App, Whatsapp kanale (sien foto's)
Ons skool maak gebruik van die D6 kommunikeerder wat u kan aflaai op u slimfoon en laptop.
Verder het ons ook baie whatsapp klas-groepe waarop die heeltyd kommunikasie deurgegee word.



Mag ons in Sy Naam bly hande vat en mekaar dra en ondersteun. Met gebed en geloof kan ons gemeenskap van krag tot krag gaan.

C Blignaut
Hoof

